

11 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 21:18-22 (vgl. Mark. 11:12-14, 20-24)

Fokusgedeelte: Matteus 21:19

Oordeel en hoop in 'n vervloekte vyeboom

Die eerste vraag wat by die leser opkom, is: Was Jesus onregverdig, want Hy het die vye buite die seisoen verwag?

Oordeel – Nee, hierdie gebeure staan in 'n lang ry van waarskuwings. Hy het sy volk Israel, sy vyeboom, met liefde versorg. Maar telkens wanneer daar vrugte tot eer van God gesoek is, was daar niks. Net blare. *“Wanneer Ek die oes by hulle kom insamel, is daar ... geen vye aan die vyeboom nie ... daarom sal Ek my volk oorgee om vernietig te word”* (Jer. 8:13).

Die simboliese verdroging van die vyeboom vind tussen twee streng uitsprake plaas: By die tempelreiniging word die rowersnes wat die Jode daarvan gemaak het, in plaas van 'n gebedshuis, sterk veroordeel (Matt. 21:13). Later hoor sy volk: *“Daarom sê Ek vir julle dat die koninkryk van God van julle weggeneem sal word en aan 'n volk gegee sal word wat die vrugte daarvan sal lewer”* (Matt. 21:43). Die volk se beker was vol. Eeue se rebellie teen God sal lei tot oordeel. Daar is geen ander verwagting meer nie.

Hoop – Die dissipels se verbasing oor Jesus se gesag word met hoop beantwoord. Naas die oordeel word seën beloof: *“As julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle kan doen wat Ek aan die vyeboom gedoen het”* (Matt. 21:21). Sien ons dit nie in die dissipels wat as apostels met die evangelie uitgestuur is nie? Kragtig in die geloof, gesterk deur die Heilige Gees, breek hulle nuwe paaie oop vir die koninkryk van God.

Waarom is die vyeboom verdroog? Sodat ons die erns van God se oordeel oor valse geloof besef. Toets jou eie vrugte wat by die geloof pas. Daarom die belofte: Waar opregte geloof in die almag van God is, sal Hy deur mense in sy diens en gemeentes wat sy wil soek, groot dinge laat gebeur.

Sing: Psalm 1:1, 2 (Totius)

Dr. WC Opperman (Windhoek-Suid)